

# Wojtek, die beer

Willemien Green

**W**ojtek was 'n Siriese bruinbeer wat deur soldate van die Poolse weermag in Iran gevind is. Dié groep soldate, vergesel deur 'n groep vlugtelinge, was in 1942 van die Soviet Unie na Iran onderweg.

Tydens 'n ruskans het hulle 'n Iranese seuntjie met 'n jong bruinbeer, wie se ma deur jagters van kant gemaak, is teë-gekem. Een van die vlugtelinge van die groep, Irena Bokiewicz, het die luitenant, Anatol Tarnowiecki omgepraat om die beer by die seun te koop. Vir die volgende drie maande het sy die beer in die vlugtelingskamp in Teheran versorg.

In Augustus van dieselfde jaar is die beer aan die 22ste Artillerie-kompanie geskenk.



**Wojtek het daarvan gehou om te stoei** Foto: THE SOLDIER BEAR WOJTEK STORY

Dié soldate het hom Wojtek genoem. Wojtek is kondensmelk uit 'n wodka-bottel gevoer en het mettertyd ook vrugte, marmalade, heuning

en stroop gekry om te eet en te drink. Die soldate het graag met hom gestoei en hom geleer om te salueer as hy hulle groet. So is hy dan ook met bier beloon wat later sy gunstelingdrankie geword het. Ongelukkig het hy ook daarvan gehou sigarette nie te rook nie, maar wel te eet! Om hom saam met die troepe op 'n Britse skip te kon kry is hy as 'n soldaat by die Poolse weermag ingelyf. Daar het hy sy eie salarisboekie, rang en reeksnommer ontvang en het hy saam met die manne in die tente of in sy eie houtkrat gewoon.

Tydens die Slag van Monte Cassino is Wojtek ingespan om ammunisie rond te dra. Klaarblyklik het hy nooit eens n krat laat val nie waarskynlik met die vooruitsig van bier en sigarette as beloning! Teen die einde van die Tweede Wêreld Oorlog in 1945 is Wojtek saam met die res van 22ste -kompanie terug na Berwickshire in Skotland gestuur.

Met die ontplooiing van die troepe is hy op in 1947 aan die Edinburgh diere-tuin geskenk. Daar het sy ou weermag-maats hom besoek en bier en sigarette vir hom oor die draad gegooi. Daar is selfs gerugte van 'n oud soldaat wat oor die draad geklim het en so bietjie met hom gaan stoei het! Wojtek is op die ouderdom van 22 jaar oorlede.

# Wat doen jy dié naweek?

## Verken die Gamtoosvallei.

# 1

**Die Gamtoos-ekspo** word ten bate van die Laerskool Gamtoosvallei in Patensie in die Oos-Kaap gehou. Motorfietsse, trekkers, buitellugvoertuie-en-toerusting sal onder meer uitgestal word. 'n Damesmiddag word op Saterdag aangebied met optredes deur Sarah Theron en Francois Ferreira, sowel as 'n braai saam met Jacques de Coning. Daar sal ook 'n groot verskeidenheid stalletjies wees. **Wanneer:** 4 & 5 November **Waar:** By die Laerskool. **Navrae:** Bel Louwrens (stet) Bezuidenhout by 082 551 7879.



# 2

**Die dorp Hankey** is in 1826 gevestig en is die oudste dorp in die Gamtoos. Besoek die graf van die legendariese Khoi-San-vrou, Sarah Baartman, wat in die 18de eeu aan Europeërs as 'n frats uitgestal is. Maak ook 'n draai by die ruïnes van die Milton-watermeule wat in 1858 gebou is en in 1932 deur vloede vernietig is. Besoek die grafte van William Enowy Philip en sy niggie wat op 1 Junie 1845 saam verdrink toe hulle bootjie by Miltondrif omgeslaan het. William het die eerste tunnel in Suid-Afrika met pikke, grawe en kruiswaens gebou. Besoek Oom Dirk Schellingerhout se sonwyser aan die voet van Vergaderingskop wat in 1989 voltooi is. **Navrae:** Bel die Gamtoos-toerismekantoor by 042 283 0437 of stuur epos aan [tolbos@baviaans.net](mailto:tolbos@baviaans.net).



# 5 Vrae aan 'n avonturier

Die akteur en avonturier **Ivan Zimmermann** het onlangs teruggekeer van sy fietsekspedisie deur onder meer China en Turkye en het 12 000 blikkies kos vir behoeftiges ingesamel, vertel hy aan **Malani Venter**.

## 1. Jy het altesaam 12 280 km getrap. 'n Mens raak seker op een of ander stadium ietwat moedeloos?

'n Mens raak vir seker moeg wanneer die dae te lank raak. 'n Mens se kop word ook moeg en dit is waar die groot uitdaging lê. Om negatiewe denke om te draai in positiewe denke. En saam met die sielkundige uitdaging raak 'n mens moedeloos wanneer die kop reg is maar dinge nie verloop soos 'n mens beplan nie.

Al my ekspedisies word gebou om die slag-spreuk: "Leiers gee nooit op nie." Asook die blikkiesprogram, Can a Kilo, en om geld in te samel vir Fees For All.

Om te weet dat ek 'n verskil probeer maak in ander mense se lewe is vir my 'n groot motivering en terselfdertyd lewe ek my droom. Beide is vir my 'n groot motivering om aan te hou en nooit op te gee nie. Positiewe boodskappe van Suid-Afrika af en goeie musiek in my ore het ook baie gehelp.

## 2. Wat maak dit die lekkerste om terug in SA te wees?

Die see, biltong, avo's, 'n lekker bed en 'n badkamer. En om deel te kan wees van die ongelooflike, unieke mense van Suid-Afrika.

## 3. Jy het sekerlik vreemde goed in die verskillende lande teëgekem. Wat het



**Rusland:** Die suide van die land met sy natuurskoon was een van Ivan Zimmermann se hoogtepunte op sy ekspedisie.

Foto: VERSKAF

## jou veral verras?

Die ekspedisie het begin in China. Van daar na Mongolië, Rusland, Kazachstan, Kirgystan, Tajikistan, Uzbekistan, Iran en Turkye.

Oor 145 dae is daar heelwat verrassings. Ek het nie baie gehou van China nie, maar die wildheid en onvoorspelbare weer van Mongolië is iets om te ervaar. Die mense leef nog van die land af en dit is ongelooflik om te sien hoe hulle net vat en gebruik wat hulle

nodig het. Die suide van Rusland en die skoonheid van die Altai-gebergtes was 'n hoogtepunt.

In Kirgystan het die bergtoppe nog vol sneeu gelê en dit was 'n groot uitdaging om tot 'n hoogte van 4 800 m bo seespieël te ry. Tajikistan se Pamir-snelweg wat grens teen Afganistan en geskei word deur 'n baie nou rivier, en omring word deur baie mooi berge, was 'n onvergeetlike ervaring.

Die woestyn in Uzbekistan en die moskees in Samarqand en Bukhara, wat 3 000 jaar oud is, het my oë laat oopgaan oor die gebied en die hele syroete in geheel. Ek kon ongelukkig nie deur Turkmenistan ry soos beplan nie, aangesien my visa onverklaarbaar drie keer afgekeur is.

Ek het toe noodgedwonge meer tyd in Iran spandeer. Persiese mense is die vriendelikste, mees behulpsume mense by wie ons baie kan leer oor gasvryheid. Turkye is onder baie druk op die oomblik en ek kon die spanning aanvoel, maar steeds is dit 'n land ryk aan kultuur met trotse mense.

## 4. Die uiterste weersomstandighede in veral die afgeleë plekke wat jy gery het, was seker ook 'n uitdaging?

Die koudste dag was -8 °C in Mongolië. Die warmste was 45 °C in Uzbekistan.

Teen die hitte is daar nie regtig 'n oplossing nie en wanneer dit regtig koud word, trek 'n mens maar alles aan wat jy in jou sak het.

## 5. Planne vir 'n volgende ekspedisie?

Om Suid-Amerika van noord na suid te deurskruis.

■ Lees meer: [www.ivanzimmermann.com](http://www.ivanzimmermann.com)

## Kontak ons

**Redakteur**  
Malani Venter 021 406 2130  
[mventer@dieburger.com](mailto:mventer@dieburger.com)



Volg ons op  
**Facebook** by  
Buite

**Instagram** by  
buite\_dieburger

**Advertensies**  
Anna-Marie Kleinhans  
041 503 6045  
[annamaria.kleinhans@dieburger.com](mailto:annamaria.kleinhans@dieburger.com)

Volgende week in  
**Buite**



# 4

Uniondale:  
Hier moet jy  
bergfietsry!



# 5

Stap in die  
Helderberg-  
reservaat.